# Rustenburg Gemeenskapskerk

## 29 Oktober 2023

26 Zandstraat
Rustenburg
0299
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer - 071 675 5546
E-pos / E-mail: estavanzyl0812@gmail.com
Registration number: MPC: PBO 930046902

## Vandag by die Kerk

09h00 - Erediens
09h00 - Kleuterkerk
10h00 - Kategese
Tee en Versversings

## Belangrike datums op ons Kerk-kalender

**3 November - Kos vir armes Gholfdag**
**26 November - Kerssangdiens**
**3 Desember - Nagmaal**
- **Belydenis van geloof geleentheid**
- **Kategese afsluiting**
- **Lighthouse Kersfunksie**




## Hervormingsondag



Op 31 Oktober 1517 het Martin Luther sy 95 klagtes teen die Rooms Katolieke Kerk aan die Slotkerk van Wittenberg se houtdeur vasgespyker. Die Kerkleiers was skuldig aan valse leerstellings en 'n erge beheptheid met geld. Geld het Christus se plek ingeneem!!

Martin Luther het hierteen geprotesteer - vandaar die Protestante Kerke waarvan ons deel is. Ons moet steeds vandag krities na die Kerk kyk en protesteer as daar vals leringe is. Vandag se boodskap in die erediens is dan juis 'n eerlike selfondersoek oor ons Kerk se leer en lewe. Ons moet erken dat daar nes in 1517, te veel van die wêreld se begeertes na geld en besittings, in die harte van lid-mate leef. Laat Jesus Christus weer Sy plek op die troon kry.

## -i toonbank in portaal vir:

- Nuwe lidmaat registrasie
- Nuwe selfoonnommers / E-posse adresse en veranderinge
- Inligting oor gemeente-projekte
- Inligting oor inskakeling by 'n omgeegroep,bediening, ens.
- Huisbesoek-afsprake
- Maandelikse dankoffer-reëlings
- Kategese program en registrasie
- Kerk-almanakke
- Karnaval inligting en kaartjies

## Wat dra jy saam in jou tas?

"Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, (2) die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God." (Hebreers 12:1-2)

As jy baie reis dan leer jy gou om lig te pak. Tog leer min van ons die les ook vir ons lewe. Ons dra groot swaar tasse met emosionele en geestelike bagasie saam. Verwyte, haat, woede, skuldgevoelens en soveel meer. Ons probeer soms wegkom van hierdie bagasie deur te trek na 'n ander land, te skei, te drink of wat ook al, net om agter te kom dat ons hierdie bagasie saam neem as ons trek, saam neem in 'n nuwe verhouding in.



Daar is net een oplossing, en dit is om ons tasse te begin uitpak. Wat is daar in jou lewe wat jy onnodig saam-dra en wat gaan jy maak om dit uit jou tas te haal?

## Teebeurte

29- Wyk 7+8
5 Nov - Wyk 9+10

## Dankoffers

Ons Kerk se:
- instandhouding
- groei
- hulpverlening kom @ 'n prys.

Kan jy asb. maandeliks help?
☐ EFT
☐ Stoporder

Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid
Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van
**Kaart fasiliteite beskikbaar by I-toonbank*

## Verjaarsdae 29 Okt - 4 Nov2023



31-Chrisna Giessing
November 2023
1-LJ Fourie, Tyler Ferreira
Marlene Mackay
4-Lienke-Katrien Joubert
Kobus v/d Berg,
Yolandé v/d Berg

## Voorbidding benodig

- **Ivy Swart(1)**
- **Mariza Schutte(2)**
- **Henk Beumer(1)**
- **Theunette Engelbrecht**
- **Frikkie Visser(1)**
- **Alwyn Barnard(1)**
- **Breggie Opperman(1)**
- **Hannetjie Barnard(1)**
- **Miemie Nel(1)**
- **Ansie Botha(14**



## Skakel in by die volgende whatsapp groepe

1. RGK Goeie Nuus
2. RGK Werksoekspan
3. RGK Rek-jou-Rand groep.

Whatsapp versoek na ds. Theo by 066 270 3086